Leerarea	Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis)
Graad	4
Kwartaal	2
Tema/onderwerp	Leer van leiers
Subtemas/onderwerpe/opdragte	Eienskappe van 'n goeie leier
Intergrasie/inskakeling met ander leerareas	Lewensoriëntering, Wiskunde, Kuns en Kultuur, Afrikaans (Huistaal en Eerste Addisionele Taal)
Tydsduur	1 uur

Doel

Om leerders in staat te stel om eienskappe van 'n goeie leier te identifiseer.

Kennis en vaardighede

Leerders word bekend gestel aan die konsep van verandering en kontinuïteit.
Leerders word in staat gestel om te sien hoe die menslike optrede in die verlede 'n impak op die hede het en verstaan hoe dit 'n impak op die toekoms het.
Leerder moet gebeure in chronologiese volgorde plaas (tydlyn).
Leerder leer die belangrikheid van erfenis en die bewaring daarvan.

Uitkomste/toepassing

Werkskaart is in lyn met Bloom se taksonomie en fokus op:

- Kennisvaardighede: identifiseer
- Begripsvaardighede: vertel in jou eie woorde, interpreteer
- Analitiese vaardighede: vergelyk

Fokusareas

- Wat is 'n leier?
- Eienskappe van 'n goeie leier
- Verskillende tipe leiers
- Lewensverhaal van Nelson Mandela

Woordeskat

Agtergestelde
Iemand wat agtergebly het, byvoorbeeld op finansiële en/of opvoedkundige gebied, veral weens 'n onregverdige politieke of ekonomiese stelsel.

Demokraties
Van/soos 'n demokrasie, gekenmerk deur die vryheid van elke individu binne die reg.

Gesag
Reg om te beveel en gehoorsaamheid af te dwing; mag; bewind.
Persoon/liggaam/instelling wat die reg het om te regeer.

Sabotasie
Handeling/daad om toerusting, voertuie ensovoorts opsetlik te beskadig/vernietig sodat jou vyand/teenstander dit nie kan gebruik nie.
Doelbewuste handeling/daad om iemand se planne in die wiele te ry omdat jy nie wil hê hulle moet sukses behaal nie.

Samesprekings
Algemene bespreking/vergadering/konferensie.

Teenstand
Verset/teenkanting.

Verraad
Gedrag waarin jy nie lojaal bly teenoor jou land of teenoor iemand wat jou vertrou nie, veral as jy deur jou optrede hul vyande help.

Bronnelys

Intermediêre fase – Werkboeke – Departement van Basiese Onderwys, Suid-Afrika
Intermediêre fase – Kurrikulum- en assesseringbeleidsverklaring
Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, 6de Uitgawe
www.sahistory.org.za/article/nobel-prizes-and-south-african-laureates 19/07/2021
https://af.wikipedia.org/wiki/Leier 19/07/2021
http://www.mieliestronk.com/mandela.html 19/07/2021
www.sahistory.org.za/people/nelson-rolihlahla-mandela

Leer van leiers

'n Leier is 'n persoon of groep persone wat die gesag het om mense of dinge te lei. Hulle neem die voortou. Hulle het die vermoë om ander positief of negatief te beïnvloed. Oor die algemeen word leiers deur die groep self gekies, maar leiers kan ook deur andere aangestel word.

Ons kry veral twee tipe leiers - 'n **demokratiese leier** en **outokratiese leier. Demokratiese leiers** vra raad van hul volgelinge voordat hulle besluite neem. **Outokratiese leiers** aanvaar nie raad of insette van ander nie en onderdruk enige opposisie/teenstand.

Nie alle leiers is goeie leiers nie, maar goeie leiers kan deur die volgende eienskappe geïdentifiseer word:

Deursettingsvermoë; toegewyd; verwag die beste van ander; selfbeheersing; sterk wil; bly kalm; stel groep se behoeftes bo sy/haar eie behoeftes; nie impulsief; eerlik; vriendelik; respekteer ander; regverdig; kom beloftes na; dapper; vol selfvertroue; werk goed in 'n span; betroubaar; luister na ander; werk tot die voordeel van ander; skeppend; positief; respekvol; verantwoordelik; ondersteunend; nederig, hardwerkend; sorgsaam; trots.

Leiers is op verskeie vlakke van die samelewing nodig. Besighede moet 'n bestuurder hê, 'n kerk moet 'n predikant of dominee hê, 'n skool moet 'n skoolhoof hê en 'n land moet 'n president hê.

Nelson Rolihlahla Mandela is een van die wêreld en Suid-Afrika se bekendste leiers.



Mandela is op 18 Julie 1918 in Qunu naby Mthatha in die Oos-Kaap gebore. Sy pa het hom die naam Rolihlahla gegee wat in isiXhosa beteken "om 'n boomtak te ruk".

Op sewejarige ouderdom word hy die eerste lid van sy familie wat skool bywoon. Reeds op sy eerste skooldag het Mandela die naam "Nelson" gekry. In dié tyd was dit die gebruik onder swart Afrikane om vir kinders "Engelse name" te gee aangesien hul regte name vir nie-Xhosasprekendes moeilik was om uit te spreek.

Ná matriek studeer Mandela aan die Universiteit van Fort Hare. Dis ook waar hy Oliver Tambo ontmoet, 'n lewenslange vriend. Oliver Tambo was later ook 'n kollega in die stryd om die bevryding van die agtergestelde bevolking van Suid-Afrika.

Gevang deur die polisie ná meer as 'n jaar op vrye voet, word Mandela in Junie 1964 in die sogenaamde Rivonia-verhoor aan sabotasie en verraad skuldig bevind, en tot lewenslange tronkstraf gevonnis. Mandela word aanvanklik op Robbeneiland aangehou, waar hy klippe moes kap in 'n kalkmyn.

President FW de Klerk ontban die ANC in 1990 en Mandela word ná 27 jaar op 11 Februarie uit die tronk vrygelaat. Die ANC en die blanke Nasionale Party begin spoedig met samesprekings oor die stigting van 'n veelrassige demokrasie in Suid-Afrika.

Mandela word die eerste swart staatshoof (president) van 'n demokratiese Suid-Afrika in 1994.

In 1993 het Mandela en De Klerk saam die Nobelprys vir vrede ontvang vir hul pogings om Suid-Afrika vreedsaam te verander. Die Nobelprys word jaarliks toegeken aan persone wat 'n buitengewone bydrae tot die samelewing maak. Bo en behalwe dat Mandela en De Klerk 'n Nobelprys ontvang het, spog Suid-Afrika moet nog nege leiers wat op hul eie gebiede ook 'n Nobelprys ontvang het. Hulle is:

- Aaron Klug, Chemie, 1982
- Albert Luthuli, Vrede, 1960
- Allan McLeod Cormack, Fisiologie of Geneeskunde, 1979
- Desmond Tutu, Vrede, 1984
- JM Coetzee, Letterkunde, 2003
- Max Theiler, Fisiologie of Geneeskunde, 1951
- Michael Levitt, Chemie, 1993
- Nadine Gordimer, Letterkunde, 1991
- Sydney Brenner, Fisiologie of Geneeskunde, 2002

Hoewel sekere mense oor meer natuurlike leierskapeienskappe beskik, kan die eienskappe ook aangeleer word.

Aktiwiteite

Skryf ’n brief aan ’n leier waarna jy opkyk. Vertel aan hulle watter leierskapseienskappe hulle het en waarom jy dink dit van hulle ’n goeie leier maak.

Teken ’n prent van ’n goeie leier in jou gemeenskap.

Is die volgende sinne waar of vals?

Nelson Mandela is in Qunu in die Wes-Kaap gebore.	
In 1993 ontvang Mandela en De Klerk gesamentlik die Nobelprys vir vrede	
’n Demokratiese leier aanvaar nie raad of insette van ander nie.	
Dapper, eerlik en positief is goeie eienskappe van ’n leier.	
Desmond Tutu en Albert Luthuli het ook Nobelpryse vir vrede ontvang.	

Omkring die volgende woorde wat eienskappe van ’n goeie leier in die tabel hieronder beskryf

bemoedig; eerlik; eties; kreatief; inspireer; integriteit; luister; motiveer; ondersteunend; positief; respek; verantwoordelik

M	N	K	I	L	E	D	R	O	O	W	T	N	A	R	E	V	K
B	V	C	X	Z	A	S	D	I	F	G	H	J	K	L	P	R	O
L	I	E	W	Q	A	G	R	Q	N	W	E	R	T	Y	E	U	I
K	N	R	T	Y	U	I	E	N	J	S	I	O	K	A	M	L	P
J	T	J	K	L	P	O	E	B	H	U	P	Y	T	G	V	X	F
H	E	H	G	F	D	S	V	Q	W	E	C	I	K	G	S	E	R
G	G	B	C	X	Z	A	I	A	S	D	E	F	R	G	B	N	H
G	R	E	S	P	E	K	T	Z	X	F	V	V	T	E	O	K	J
F	I	E	H	B	E	M	O	E	D	I	G	G	H	K	E	N	M
D	T	S	U	B	H	T	M	E	E	A	R	A	O	I	E	R	K
S	E	Z	Y	N	U	F	B	R	C	N	J	R	T	F	R	E	I
A	I	X	G	J	P	D	S	L	N	A	E	T	I	K	L	M	S
Q	T	D	V	F	E	I	T	I	S	O	P	N	E	B	N	L	L
W	W	R	C	I	L	M	N	K	B	V	C	X	Z	A	S	S	D
D	A	T	F	O	M	Y	U	I	O	P	L	K	J	H	G	E	F
T	R	E	W	Q	K	T	R	E	W	Q	A	S	D	F	V	I	B
Y	U	I	O	P	L	K	J	H	G	F	D	S	A	X	Z	T	C
O	N	D	E	R	S	T	E	U	N	E	N	D	V	B	N	E	M

Voltooi die sin deur die ontbrekende woorde in te vul wat onderaan verskyn

’n _____ is ’n persoon of groep persone wat die _____het om mense of dinge te_____. Hulle neem die voortou. Hulle het die vermoë om ander positief of _____te beïnvloed. Oor die algemeen word leiers deur die groep self gekies, maar leiers kan ook deur andere _____ word.

Leiers is op verskeie vlakke van die samelewing nodig. Besighede moet ’n _____hê, ’n kerk moet ’n predikant of _____hê, ’n skool moet ’n _____hê en ’n land moet ’n president hê.

lei; skoolhoof; aangestel; dominee; bestuurder; gesag; negatief; Leier

Mevrou Mandela het gereeld skons vir meneer Mandela gebak.

Resep: Lewer 12 skons (1 dosyn)
Voorbereiding: 15 minute
Gaarmaaktyd: 10 minute

Bestanddele:

500ml (2 koppies) meel
15ml (1 eetlepel) bakpoeier
2.5ml ($\frac{1}{2}$ teelepel) sout
60g ($\frac{1}{4}$ koppie) botter
30g (2 eetlepels) strooisuiker
200ml ($\frac{3}{4}$ koppie) melk
1 eier gemeng met 5ml (1 teelepel) water
Konfyt om voor te sit

Metode:

Voorverhit die oond tot 180°C en voer 'n bakpan met bakpapier uit.

1. Sif die meel, bakpoeier en sout in 'n mengbak, voeg die suiker by en roer in.
2. Vryf die botter by die meel in tot dit soos broodkrummels lyk. Maak 'n holte in die middel van die meel, giet die melk in en sny deur met 'n bottermes.
3. Keer uit op 'n oppervlak wat met meel bestrooi is en knie liggies tot die deeg glad is. Druk die deeg effens plat en sny sirkels uit die deeg met 'n koeksnyer. Plaas op 'n bakplaat, verf die bokante met eierwas en bak vir 10 minute.
4. Laat op 'n rak afkoel en bedien met konfyt.

As mevrou Mandela 4 dosyn skons bak, hoeveel skons is dit altesaam?

_____

Hoe lank gaan dit vir mevrou Mandela neem om 4 dosyn skons te bak?

_____

Die bestanddele in die tabel links is net genoeg om 1 dosyn skons te bak. Hoeveel bestanddele gaan mevrou Mandela benodig om 4 dosyn te bak?

_____ml (____ koppies) meel
_____ ml (___ eetlepels) bakpoeier
____ ml (___ teelepels) sout
_____ g (___ koppie) botter
_____ g (___ eetlepels) strooisuiker
_____ ml (___ koppies) melk
____ eiers gemeng met ___ ml (___ teelepels) water
Konfyt om voor te sit.